# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 247 · 10 SEPTEMBER 2021**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE | Centre Managment: 041 360 9442 | SUNRIDGE VILLAGE | Kragga Kamma Road, Sunridge Park | SUNRIDGE VILLAGE | GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Lukas 11 vers 28 aan. "Maar Hy sê: Nog meer bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou." Mag dit ook in ons lewens sigbaar wees. Alle eer aan Hom!

A) REKENAARNETWERK
Ons is druk besig om die leerders op ons rekenaarnetwerk te laai. Die groepe sal soos volg afgehandel word, hul gebruikersnaam en wagwoord ontvang:

Graad 10 tot 12 – Maandag, 13 September 2021
Graad 8 tot 9 – Vrydag, 17 September 2021

Let daarop dat leerders slegs toegang sal hê tot die volgende:
- Wolkskool webtuiste
- Framesby webtuiste
- Akademiese webtuistes wat eindig met ac.za

Die rede hiervoor is dat leerders in 'n gekontroleerde omgewing op ons rekenaarsisteem kan beweeg. Ons vra om verskoning dat hierdie proses langer geduur het as wat verwag is.

B) TOETSREEKS SEPTEMBER 2021 – ALGEMENE REËLINGS
• Gr. 8-leerders skandeer by hek D vanaf 06:45 tot 07:25.
• Leerders wat vóór 06:45 afgelaai word, moet by hek B skandeer.
• Gr. 8- en 9- leerders word 07:30 by hul aantreepunte gehaal.
• Gr. 8 tree by die fietsvierkant aan.
• Gr. 8's skryf in die volgende lokale: (gebruik die ingange by die fietsvierkant en musiekklas)

| 8A | 8B | 8C | 8D | 8E | 8F | 8G | 8H |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| k 29 | k 30 | k 31 | k 32 | k 33 | k 34 | k 37 | k 38 |

• Gr. 9-leerders skandeer by hek B vanaf 06:45 tot 07:25.
• Gr. 9 tree by die tennismuur aan.
• Gr. 9's skryf in die volgende lokale: (gebruik die ingange by k 1 en k 8

| 9A | 9B | 9C | 9D | 9E | 9F | 9G | 9H |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| k 1 | k 2 | k 3 | k 4 | k 5 | k 6 | k 7 | k 8 |

• Gr. 10- en 11-leerders skandeer by hek A vanaf 06:45 tot 07:25 vir die eerste sessie.
• Vir die tweede sessie skandeer hulle by hek B van 11:00 tot 11:30.
• Gr. 10- en 11-leerders tree 07:30 en/of 11:30 by hul skryflokale aan.
• Gr. 10- en 11-leerders skryf meestal in die A- en B-blok óf in die Voorlesinglokaal en die Nuwe lokaal, afhangende van die grootte van die groepe.
• Maak by jou vakonderwyser seker presies waar jy skryf.

C) BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE TYDENS TOETSREEKS
Daar sal geen buitemuurse bedrywighede tot en met 23 September 2021 wees nie. Daar is egter enkele individue wat met oefeninge ter voorbereiding van verdere deelname moet voortgaan. Hierdie leerders sal individueel deur die afrigter in kennis gestel word. Indien daar vir 'n leerder gedurende die toetsreeks 'n detensie uitgereik word, sal dit in die laaste week van die kwartaal in werking tree.
Buitemuurse bedrywighede hervat amptelik weer op 27 September 2021.

D) VAKKEUSE - GRAAD 9
Elke leerder sal Maandag, 13 September, die volgende ontvang:

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

• ‘n Brosjure met die nodige inligting oor die vakkeuses.
• ‘n Vakkeusevorm. Dit moet so gou as moontlik voltooi word en nie later nie as 30 September by die voogonderwysers ingelewer word.
• ‘n Video betreffende verdere inligting rondom alle vakke.

E) WERKSAFBAKENING : GRAAD 8 - 11
Elke leerder het die werksafbakening vir die toetsreeks (Woensdag 15 September – 23 September) ontvang. U moet saam met u kind u deeglik hiervan vergewis sodat die kinders nóú al vir die toetsreeks kan begin voorberei. Dit is ook beskikbaar in Nuusbrief 23.

F) SGA-TAKE : GRAAD 8 - 11
Let veral op die SGA-take van leerders, asook die inleweringsdatums. Maak seker dat u kind hierby hou.

| VAKKE | GRADE | DATUM UITGEGEE | DATUM VIR INGEE |
|---|---|---|---|
| Tegnologie | 8 en 9 | 30 Aug. | 6 Sept. |
| Afrikaans | 8 en 9 | 19/20 Aug. | 27 Aug. (deel 1)<br>3 Sept. (deel 2) |
| Afrikaaans | 10<br>11 | 1 Sept. | 22 Sept. navorsing<br>16 Sept. navorsing |
| English FAL | 8 | | 30 Aug. (stage 1)<br>Stage 2 in class |
| English FAL | 9<br><br>10 - 11 | | 27 Aug. (stage 1)<br>Stage 2 in class<br>Classroom assignments |
| English HL | 8<br>9<br><br>10 - 11 | | Stage 2 in class<br>3 Sept. stage 1<br>Stage 2 in class<br>Classroom assignments |
| LO | 8<br>9<br>10 - 11 | 27 Aug.<br>3 Sept. | 14 Sept.<br>20 Sept.<br>Reeds ingehandig |
| RTT (CAT) PAT take | 10 - 11 | | 11 Okt. |
| IT PAT take | 10 - 11 | | 18 Okt. |
| IGO PAT take | 10<br>11 | 30 Aug.<br>24 Aug. | 8 Sept.<br>9 Sept. |
| LW (projekte) | 8-9 | Week 10 Aug. | Week 30 Aug. |
| Geografie | 8 | Week 2 Aug. | 6 Sept. |
| Geskiedenis | 9 | 27, 30, 31 Aug. | 3, 6, 7 Sept. |

G) DIVERSITEIT (INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGE)
As personeel en leerders streef ons te alle tye daarna om goeie menseverhoudinge te handhaaf. Om hierdie gesindheid by ons leerders in te skerp, het ons die dienste van mev. Odette Wessels, 'n kenner op die gebied van interpersoonlike verhoudinge, bekom om tydens Lewensoriëntering met ons leerders hieroor te gesels.

Omdat interpersoonlike verhoudinge so belangrik in die volwasse lewe is, sal dit waardevol wees as u as ouer ons in hierdie opsig tuis kan ondersteun.

H) GRAADHOOFDE
Ons doen ‘n beroep op ons ouergemeenskap om, wanneer daar ‘n probleem met ‘n leerder onstaan, of enige inligting deurgegee moet word, dit gedurende kantoorure (07:00 – 17:00) per e-pos, en nié deur ander mediums nie, aan die graadhoofde te rapporteer.
Ons vra u samewerking in hierdie verband.

U kan die graadhoofde by die volgende e-posadresse hiervan in kennis stel:

Gr. 8: heidistrauss88@gmail.com
Gr. 9: fvdwalt@framesby.co.za
Gr. 10: jeanette.schoeman@yahoo.com
Gr. 11: Ischelbert@framesby.co.za

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Gr. 12: smit.pc@gmail.com

I) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is ook op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

J) SOSIALE PLATFORMS
Dit wat leerders op sosiale media plaas, is 'n al groter wordende probleem. As ouer het u hier 'n gróót rol te speel. U moet u kind leer wat aanvaarbare gebruik van sosiale media platforms is. Dit is nie die skool se verantwoordelikheid om probleme op te los wat ontstaan as gevolg van plasings op sosiale media platforms nie.

K) TOETSROOSTER – SEPTEMBER 2021 [GRAAD 8 – 11]
Vind aangeheg die toetsrooster vir die September 2021 toetsreeks.

L) TOETSREEKSREËLINGS RAKENDE COVID-19 [GRAAD 8 TOT 11]
In die gevalle waar leerders positief getoets het vir Covid-19, sal sodanige leerders nié toegelaat word om tydens die kwarantyn-periode toetse te skryf nie. Die positiewe toetsuitslag sal as mediese sertifikaat dien en punte sal vir skoolgebaseerde assesserings verwerk word.

In die gevalle waar leerders geïdentifiseer is as nabye kontak van 'n Covid – positiewe persoon, sal sodanige leerders nie toegelaat word om toetse te skryf nie.

In albei gevalle moet die Graadhoof sonder versuim in kennis gestel word wanneer 'n leerder positief toets of in isolasie moet gaan. Die Graadhoof sal dan die nodige reëlings tref.

M) EKSAMENREËLINGS RAKENDE COVID-19 [GRAAD 12]
In die gevalle waar leerders positief getoets het vir Covid-19, sal sodanige leerders nié toegelaat word om tydens die kwarantyn-periode eksamen te skryf nie. Die positiewe toetsuitslag sal as mediese sertifikaat dien en punte sal vir skoolgebaseerde assesserings verwerk word.

In die gevalle waar leerders geïdentifiseer is as nabye kontak van 'n Covid – positiewe persoon, sal sodanige leerders wél toegelaat word om eksamen te skryf. Hierdie leerders sal in lokale weg van die res van die leerders geakkommodeer word.

'n Leerder wat in isolasie is, sal op die betrokke dag by Hek A ontvang word en na die isolasielokaal vergesel word. Na afloop van die skryfsessie moet die betrokke leerder(s) dadelik die skoolterrein verlaat.

In albei gevalle moet die Graadhoof sonder versuim in kennis gestel word wanneer 'n leerder positief toets of in isolasie moet gaan. Die Graadhoof sal dan die nodige reëlings tref.

N) TOERISME PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK GRAAD 10 & 11
Die Praktiese Assesseringstaak vir Toerisme sal vir Graad 10 en 11 Donderdag, 30 September, en Vrydag, 1 Oktober, plaasvind.

Op Donderdag, 30 September, sal dit in skooltyd afgelê word.
Op Vrydag, 1 Oktober, sal hierdie leerders skool vanaf 07:30 bywoon om die taak te voltooi.

Daar sal ook op Vrydag, 1 Oktober, ekstra klasse vir ons Gr. 11 Wiskunde-leerders vanaf 07:30 tot 09:30 wees. Die res van die leerders sal hul rapporte op die volgende tye kan kom afhaal:
Graad 8 - 9 : 08:00 tot 09:00
Graad 10 – 12 : 09:00 tot 10:00

O) SGA
• TOETS GRAAD 8 & 9
Daar sal Maandag 13 September ook in die Wiskundeperiodes Wiskundetoetse afgelê word. Maak asseblief seker u kind is goed voorberei.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

• ISOLASIE EN/OF POSITIEWE GEVALLE
Vakonderwysers sal direk met leerders reël wanneer die SGA ingehaal moet word. Leerders word versoek om hul samewerking te gee.

• Leerders wat take as gevolg van isolasie en kwarantyn mis, moet seker maak hul take word met hul terugkoms, of by die algemene kantoor inhandig of per e-pos direk aan die vakonderwysers.

P) 14 SEPTEMBER
Neem kennis dat die skool op 14 September om 12:00 sluit. Ons wy die netbal- en hokkiefasiliteit asook die kafeteria in. Die kafeteria is Maandag, 13 September vanaf 14:00 slegs vanaf die buiteluik toeganklik. Die kafeteria sal Dinsdag slegs vanaf die buiteluik toeganklik wees en sal gedurende die funksie gesluit wees. Hierdie maatreëls word ingestel om die kafeteria vir die inwyding gereed te kry.

Q) OUER-INLIGTING
Indien u persoonlike inligting verander, stuur asb. onmiddellik 'n e-pos met u jongste besonderhede na skoolfonds@framesby. Die korrekte besonderhede verseker dat u ons nodige inligtingstukke ontvang en tydens noodgevalle gekontak kan word.

R) VOORKOMS
Voorkoms moet te alle tye volgens die reëls in die jaarbeplanner reg wees. Seuns moet geskeer wees.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

**TOETSREEKSROOSTER: 15 - 23 SEPTEMBER 2021**

| | Sessie | Woensdag 15 Sept. | Donderdag 16 Sept. | Vrydag 17 Sept. | Maandag 20 Sept. | Dinsdag 21 Sept. | Woensdag 22 Sept. | Donderdag 23 Sept. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| gr. 8 | Sessie 07:30 | ENG HL ENG FAL ¾ h | AFR ¾ h | EBW ¾ h | LW 35 min | WISK 1 h | GESK 1 h | FW 40 min |
| Leerders meld 07:30 by toetslokaal aan en skryf van 08:00 tot einde van toets. Leerders verdaag huis toe. | | | | | | | | |
| gr. 9 | Sessie 07:30 | WISK 1 h | FW ¾ h | ENG HL ENG FAL ¾ h | GEO 55 min | AFR ¾ h | LW 40 min | EBW ¾ h |
| Leerders meld 07:30 by toetslokaal aan en skryf van 08:00 tot einde van toets. Leerders verdaag huis toe. | | | | | | | | |
| gr. 10 | Sessie 07:30 | VBS 1 h | FW 2 h | BS MUS (T) 1½ h | WISK 1 h WG 1 h | REK 1½ h | AFR 1¼ h | TOER 70 min |
| Leerders meld 07:30 by toetslokaal aan en skryf van 08:00 tot einde van toets. Leerders wat nie sessie 2 skryf nie verdaag huis toe. | | | | | | | | |
| gr. 10 | Sessie 11:30 | RTT (T) ¾ h | | GEO 1 h | | | LW 50 min | |
| Leerders meld 11:30 by toetslokaal aan en skryf van 12:00 tot einde van toets. Leerders verdaag huis toe | | | | | | | | |
| gr. 11 | Sessie 07:30 | TOER 70 min MUS (T) 1½ h | AFR 1¼ h | REK 1½ h | FW 2 h | VBS 1 h | BS 1½ h | WISK 1 h WG 1 h |
| Leerders meld 07:30 by toetslokaal aan en skryf van 08:00 tot einde van toets. Leerders wat nie sessie 2 skryf nie verdaag huis toe. | | | | | | | | |
| gr. 11 | Sessie 11:30 | | LW 50 min | RTT (T) ¾ h | | GEO 1 h | | |
| Leerders meld 11:30 by toetslokaal aan en skryf van 12:00 tot einde van toets. Leerders verdaag huis toe | | | | | | | | |

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# UITSLAE VIR DIE WEEK:

## TENNISUITSLAE

Keaton Holm het die afgelope naweek aan die EC Nelson Mandela Bay ProKennex tennistoernooi deelgeneem. Keaton eindig 7de in die mans afdeling al is hy net 0/16. Mooi so, Keaton!

Die eerste seuns- en meisiestennisspan het vir die eerste keer in ‘n baie lang tyd as 'n span weer ’n kragmeting teen Nico Malan gehad. Al het die wind spel ‘n bietjie moeilik gemaak, het Framesby as die wenners uitgetree. Elke speler het ’n enkel- en dubbelwedstryd gespeel. Party het selfs gemengde dubbels gespeel.

Dankie aan Nico Malan  wat bereid was om na PE te reis om te kom speel.



## DOGTERSHOKKIEUITSLAE

Die eerste dogtershokkie het op Saterdag, 4 September teen die volgende spanne gespeel: Collegiate, Pearson en DSG. Hulle het ongelukkig al drie wedstryde verloor.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# MUSIEK- EN DRAMA-LEERDERS BETOWER MET UITVOERING

Die Musiekdepartement en Fruk (drama-klub) het op Maandag 6 September om 18:00 ‘n kort uitvoering aan hul ouers en vriende gegee. Ongelukkig kon ons nie veel toeskouers toelaat nie, weens Covid-regulasies, maar die gehoor het hiervoor opgemaak deur hul waardering duidelik hoorbaar te maak.

‘n Verskeidenheid van instrumente is deur die graad 10 en 11 vakmusiekleerders aangebied, van klassieke kitaar, elektriese kitaar en baskitaar, tot tromboon en klavier. Hierdie leerders se uitvoerings het deel gevorm van hul praktiese assessering vir die kwartaal, wat beteken dat hul ook daarop bepunt is. Almal het hul uitstekend van hul taak gekwyt.

Die Frukkers het die gehoor op ‘n emosionele reis geneem met die monoloë en gedigte waarmee hul vroeër vanjaar aan die Dramaweb SA-kompetisie deelgeneem het. Die wenner van hierdie kompetisie, Cara-Mari Botha, het dan ook die aand afgesluit met ‘n aangrypende monoloog.
Baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het!








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ELRI DANS VIR HAAR 'N SILWER LOS

Elri van Rensburg, 'n graad 9-leerling van Hoërskool Framesby het onlangs aan die PEDF deelgeneem.

Elri het aan twee afdelings deelgeneem, naamlik: Modern 17 years and under Amateur Group en Amateur Contemporary group 15-17years. Sy het 'n silwer in albei afdelings ontvang. Sy dans al by Defying Gravity Dansskool vandat sy in graad 1 is. Knap gedaan, Elri!
.



# OUDSKOLIERE NUUS:

## NETBAL

*Juanita van Tonder*



Juanita is 'n oudskolier van Hoërskool Framesby wat in 2020 gematrikuleer het. Sy het reeds van graad 9 vir die eerste netbalspan gespeel. Sy studeer tans aan die Nelson Mandela Universiteit (NMU) waar sy in haar eerste jaar van Sport Bestuur is.

Sy het aan die einde van Augustus aan die Varsity Netbaltoernooi in Stellenbosch vir die Madibaz gespeel en is tans (5-12 September) te sien in die eerste been van die Telkom Netbal Ligatoernooi (TNL) in Pretoria. Sy verteenwoordig nie net die nuwe Comets-span nie: sy is ook die kaptein! Die tweede been volg van 9-17 Oktober in Sun City. Tussen die TNL-toernooi vind USSA's (Universiteit Sport Suid Afrika) ook van 20-31 September in Pretoria plaas. Hier verteenwoordig sy ook vir NMU.

Sy het onlangs haar vlak 1-afrigtingskursus voltooi en het vanjaar by Hoërskool Alex die O/14A en B-span afgerig en was ook betrokke by Laerskool Summerwood se o/7-o/9-afrigting. Juanita se motto in die lewe is: "Hard work beats talent, if talent doesn't work hard."

Ons is besonder trots op Juanita en sien uit daarna om haar in die toekoms dop te hou! Sy dra beslis die Framesby-fakkel omhoog.

**Comets wedstryde: (Kanaal 209)**
Dinsdag, 7 Sept: 12:00 teen Sunbirds
Woensdag, 8 Sept: 10:00 teen Tornados
Donderdag, 9 Sept: 09:00 teen Aloes
Vrydag, 10 Sept: 13:00 teen Baobabs
Saterdag, 11 Sept: 15:00 teen Diamonds
Sondag, 12 Sept: 16:00 teen Sunbirds




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

## Carla Viviers



Carla wat in netbalkringe alombekend is vir haar uithouvermoë en deernis vir haar spanmaats het in 2016 aan Hoërskool Framesby matrikuleer.

Sy was reeds reserwe vir die eerste span in graad 10 en het in graad 11 en 12 trots in die blou en maroen rokkie uitgedraf. Sy was ook in graad 12 kaptein van die eerste span. Carla het in 2020 haar B.Ed graad aan die Nelson Mandela Universiteit voltooi en is tans ‘n graad 5-onderwysers by Laerskool Herbert Hurd.

Sy is ook tans in die Telkom Netballiga(TNL) te sien. Dit is die enigste toernooi waarop sy tans fokus.




Carla het van 2014 - 2019 aan provinsiale toernooie deelgeneem, waar sy in 2015 en 2019 tot kaptein verkies is.
Sy het ook van 2017 - 2019 vir Madibaz A gespeel en was in 2019 deel van die Top 30 USSA-groep. Sy het selfs haar afrigting- en skeidsregterskursusse voltooi wat al vir haar baie deure oopgemaak het!

Carla se motto:
Elke uitdaging is ń ervaring waaruit ons leer, maar dis hoe ons dit benader. Aanhouer wen !

## Euleen Grobbelaar

Euleen het geen bekendstelling nodig in die skeidsregterswêreld nie.

Sy het in 2000 aan Hoërskool Framesby gematrikuleer en het in 1999-2000 vir die eerste netbalspan gespeel. Sy het ook vanaf 1997-2000 vir die eerste krieketspan gespeel.

Sy werk tans by Collegiate Girls High School as sportadministrateur en is hoof van netbal, atletiek en landloop.

Haar liefde vir netbal kom al van kleins af en sy het die ou OP-skole gedurende haar laer- en hoërskool jare verteenwoordig. Na skool was sy ook deel van die o/19, o/21 en senior OP-spanne. Sy was in die SA-o/21-groep en het in 2005 en 2006 die SA A-Span verteenwoordig. Sy was die kaptein van die Oos-Kaap Comets en later was dit die Ibhayi Gales wat aan die nasionale liga deelgeneem het. Vandag staan hulle bekend as die Telkom Netballiga.

Sy rig tans by Collegiate en NMU af en is ook die voorsitter van die Madibaz-netbalklub. Sy dien ook op die NMB Netball Exco as die sameroeper van projekte en skeidsregters.

Sy is ñ vlak 2-afrigter en het ook nou gekwalifiseer as professionele afrigter by SASCA.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Sy is ‘n skeidsregter by die Telkom Netballiga. Aan die einde van September is sy weer in Pretoria waar sy by die Twizza Nasionale klubkampioenskappe blaas. In Desember tree sy in Bellville by die senior en o/21 kampioenskappe as skeidsregter op.

Vir Euleen sal die Framesby-trots op ñ Saterdagoggend wanneer jy vir jou span uitdraf, die herinneringe van die oorwinnings en ook van die naelskraap nederlae haar altyd bybly. Die kameraderie, spangees en vriende wat sy met netbal gemaak het, sal altyde deel van haar lewe bly.
Euleen, ons is ongelooflik trots om te kan sê dat jy ñ Framesbiaan is/was.







## Jané Nel

Jané Nel het ook hierdie jaar (saam met Juanita) vir die Madibaz-span wat aan die Varsity-beker deelgeneem het, gespeel. (Gematrikuleer in 2020).

NELSON MANDELA
UNIVERSITY

MADIBAZ
Netball




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# EASTERN CAPE ALOES

## PLAYERS

Britney Lee van der Merwe
Busisiwe Mevana
Carla Viviers
Jody Vorster
Kayleigh Hill
Noluthando Maliehe
Nomxolisi Luvuno
Pamela Chukwu
Philene van Niekerk
Phumza Pinkie Kose
Sinathi Bantom
Siphosethu Kilani
Bongise Wete
Yandiswa Makasi

**NON TRAVELING**
Cate-lynn Williams

## MANAGEMENT

**HEAD COACH**
Sameshia Esau

**ASSISTANT COACH**
Nocamagu Mvunyiswa

**TEAM MANAGER**
Erica Niemand

**STATISTICIAN**
Milisa Mganu-Dom

**COMPLIANCE OFFICER**
Zukelwa Cwaba

**PHYSIOTHERAPIST**
Mohammed Sonday

## TEAM INFO

**PROVINCE**
Eastern Cape

**HISTORY**
2020 - WINNERS Div 2
2019 - 2nd Div 2
2018 - 9th
2017 - 6th
2016-2015 - 7th
2014 - 6th

**MOST CONSECUTIVE WINS**
9 (2015)

**BIGGEST WIN**
37 Goals
(60-23 vs. Baobabs, 2016)



#TelkomNL

# EASTERN CAPE COMETS

## PLAYERS

Ziyeza Mjoji
Princess Kanetsi
Kaylin Coetzer
Asekho Njeza
Qamisa Jonas
Zaan-Ray de Kock
Leletu Sentse
Chanté Smith
Nwabisa Maseni
Juanita van Tonder
Tammy-Leigh Jonas
Xoslisani Mantanga
Daniëlle de Kock
Zethu Mpayipheli

**NON TRAVELING**
Thulile Solani

## MANAGEMENT

**HEAD COACH**
Wendy Higson

**ASSISTANT COACH**
Zandile Njeza

**TEAM MANAGER**
Nosiphiwo Goda

**STATISTICIAN**
Ntomboyise Joni

**COMPLIANCE OFFICER**
Nondumiso Magini

**PHYSIOTHERAPIST**
Siyasanga Makohliso

## TEAM INFO

**PROVINCE**
Eastern Cape

**HISTORY**
New team addition to the TNL will be competing for the first time in 2021

EASTERN CAPE COMETS


#TelkomNL











# TNL FIXTURES 2021

Heartfelt Arena 5-12 September

Variety 4 · Play

### Sunday 5 SEPTEMBER

09:00 | Div.2 | TORNADOS vs. QUEENS
11:00 | Div.1 | CRINUMS vs. FIREBALLS
13:00 | Div.2 | DIAMONDS vs. BAOBABS
15:00 | Div.2 | ALOES vs. SUNBIRDS
16:30 | OPENING CEREMONY
18:30 | Div.1 | JAGUARS vs. STINGS

### Monday 6 SEPTEMBER

09:00 | Div.2 | DIAMONDS vs. ALOES
11:00 | Div.1 | STINGS vs. FLAMES
13:00 | Div.2 | TORNADOS vs. SUNBIRDS
15:00 | Div.1 | JAGUARS vs. STARS
17:00 | Div.2 | QUEENS vs. COMETS

### Tuesday 7 SEPTEMBER

08:00 | Div.2 | ALOES vs. TORNADOS
10:00 | Div.1 | CRINUMS vs. FLAMES
12:00 | Div.2 | SUNBIRDS vs. COMETS
14:00 | Div.1 | JAGUARS vs. FIREBALLS
16:00 | Div.1 | STARS vs. STINGS
18:00 | Div.2 | ALOES vs. BAOBABS

### Wednesday 8 SEPTEMBER

08:00 | Div.1 | FLAMES vs. JAGUARS
10:00 | Div.2 | COMETS vs. TORNADOS
12:00 | Div.1 | STARS vs. FIREBALLS
14:00 | Div.2 | BAOBABS vs. SUNBIRDS
16:00 | Div.1 | CRINUMS vs. STINGS
18:00 | Div.2 | QUEENS vs. DIAMONDS

### Thursday 9 SEPTEMBER

09:00 | Div.2 | COMETS vs. ALOES
11:00 | Div.2 | QUEENS vs. BAOBABS
13:00 | Div.1 | STARS vs. CRINUMS
15:00 | Div.2 | DIAMONDS vs. SUNBIRDS
17:00 | Div.1 | FLAMES vs. FIREBALLS

### Friday 10 SEPTEMBER

09:00 | Div.2 | SUNBIRDS vs. QUEENS
11:00 | Div.1 | JAGUARS vs. CRINUMS
13:00 | Div.2 | COMETS vs. BAOBABS
15:00 | Div.2 | TORNADOS vs. DIAMONDS
17:00 | Div.1 | STINGS vs. FIREBALLS

### Saturday 11 SEPTEMBER

11:00 | Div.2 | BAOBABS vs. TORNADOS
13:00 | Div.2 | ALOES vs. QUEENS
15:00 | Div.2 | DIAMONDS vs. COMETS
17:00 | Div.1 | FLAMES vs. STARS

### Sunday 12 SEPTEMBER

08:00 | Div.2 | BAOBABS vs. ALOES
10:00 | Div.1 | STINGS vs. CRINUMS
12:00 | Div.2 | DIAMONDS vs. TORNADOS
14:00 | Div.1 | FIREBALLS vs. STARS
16:00 | Div.2 | COMETS vs. SUNBIRDS
18:00 | Div.1 | JAGUARS vs. FLAMES

#TelkomNL

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Hoërskool Framesby

# TENDER
# KRIEKETBLAAIE

## Sluitingsdatum: 17 September 2021

**Diegene wat belangstel om Hoërskool Framesby se DRIE krieketblaaie:**
**1) 162.5 m²**
**2) 210.7 m²**
**3) 144 m²**
**voor te berei en in stand te hou [binne- en buiteseisoen] moet hul tenders voor of op die sluitingsdatum om 12:00 by ontvangs in 'n geseëlde koevert indien.**

**U tender moet die volgende bevat:**
**A) Tarief per maand.**
**Binne Seisoen: September - Maart**
**Buite Seisoen: April - Augustus**
**B) Ondervinding**
**C) Verwysings**
**D) Polisieklaring dat u en u werknemers geen kriminele rekord het nie.**
**E) Verklaring dat u geen foto's of vertroulike inligting van Hoërskool Framesby sal versprei nie.**
**F) Verklaring dat u werknemers by die volgende instansies geregistreer is:**
**1) werkloosheidsversekering**
**2) vergoedingskommissie**
**Onderneem om hulle van werkskontrakte te voorsien waarin dit duidelik gestel word dat die skool nie verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige skade of verlies van werkers se eiendom nie.**
**G) Aantal werknemers wat u gaan gebruik in die uitvoering van u taak: binne- en buiteseisoen.**

**Aanbod van Beheerliggaam met betrekking tot toerusting en blad te onderhou:**
**A) Roller**
**B) Grassnyer vir kolfblad**
**C) "Scarifier" - grassnyer**
**D) Kunsmis en boelie**

**Op Saterdagoggend voor wedstryd die seil af te haal en blad voor te berei.**

**Suksesvolle aansoekers sal genooi word vir 'n finale onderhoud.**

**Die Beheerliggaam van Hoërskool Framesby behou hom die reg voor om nié die tender toe te ken indien daar nie 'n geskikte kandidaat is nie.**

# MEDIASENTRUM

## OU VRAESTELLE

Leerders kan ou vraestelle verniet op 'n USB -stokkie laai, 'n vraestel-cd koop of teen 50c per bladsy laat afrol.

## BOEKE EN DVD'S

Leerders kan tydens pouses en na skool boeke en dvd's kom uitneem.

## NAVORSING EN DRUKWERK

Leerders kan tydens pouse en na skool verniet navorsing op die rekenaars kom doen. Take kan in kleur of swart en wit gedruk word.

## ONS VERKOOP DIE VOLGENDE:

Skoon cd's, vraestel-cd's, A4-kleurkarton, A3-kleurkarton, flipfile-sakkies, taakomslae, usb's en vele meer!



SUNRIDGE VILLAGE
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Die Wolkskool-maandverslag

## Hoërskool Framesby

| | | |
|---|---|---|
| Datum: Augustus 2021 | Dokumentverwysing: HFR2021/08 | Wolkskoolverteenwoordiger/s (SOS): Lampies Lötter |
| | Skool se verteenwoordiger: Charlene Loftus | |




Ouers, ten spyte van die aantal interaksies wat leerders op Wolkskool het, is die bekommernis dat ongeveer 160 leerders steeds nie gekoppel is nie. Hierdie is 'n staatmaker hulpbron vir al die vakke wat op Wolkskool gelaai is. Veral leerders wat in hierdie tye isoleer, moet beslis van hierdie platform gebruik maak. Die groei in interaksies wys dat leerders daarby baatvind.

**41**
Profiele deur onderwysers geskep

**874**
Profiele deur leerders gekoppel

**41**
Onderwysers by opleiding

**7626**
Hoeveelheid lesse deur leerders

**4974**
Totale aantal lesse beskikbaar op Die Wolkskool

**3392**
Aantal verslae deur ouers ontvang

**24**
Aantal vakke op Die Wolkskool

Terugvoer en aanbeveling

Kontak ons gerus indien daar enige verdere opleiding of navrae bestaan.
#altydhieromtehelp

# KAFETERIA REËLS:

- Tye van die Kafeteria
  **06:00 – 18:00**
  **06:00 – 14:00** Slegs vir leerders en onderwysers.
  **14:00 – 18:00** Leerders, onderwysers en Framesby ouers.

- Die kafeteria is op ‘n Saterdag oop soos deur die skool versoek (sportwedstryde en kultuurgeleenthede).
- Indien ‘n personeellid afwesig is, moet leerders na die kafeteria gaan.
- Afwesige personeel verskaf klaslyste vir die kontrolering van leerders in kafeteria deur die toesighouer.
- Leerders gebruik hierdie periode om huiswerk/klaswerk te doen of om te leer.
- Produkte mag tydens toesigperiodes gekoop word.
- Leerders mag tydens toesigperiodes op geen ander plek as die kafeteria wees nie.
- Leerders wat sonder toestemming buite hulle klasse en in die kafeteria is, sal verdere toegang tot die kafeteria geweier word.
- Geen gekrap op die tafels en stoele nie.
- Moenie op die stoele ry nie.
- Geen rondhardlopery in die kafeteria nie.
- Staan in ‘n netjiese ry by die bedieningspunte. Jy mag nie indruk of plekhou nie.
- Tasse kan slegs gedurende toesigperiodes en na skool in die kafeteria geneem word, andersins word dit buite gelaat. Hou jou kosbare besittings by jou.
- Behandel die personeel, perseel en toerusting met respek.
- Netheid – plaas jou rommel in die dromme.
- Verwyder jou kos en drankies na ete van jou tafel.
- Die aantal stoele by ‘n tafel mag nie vermeerder/veminder word nie.
- Geen skuld mag aangegaan word nie.
- Slegs die musiek van Framesby Frekwensie mag gespeel word.
- Kaartfasiliteite (debiet/kredietkaarte), Snapscan en kontant kan gebruik word.
- Rapporteer probleme rakende die kafeteria aan me. L. Smit.
- Whatsapp bestellings: **Duanne Human 071 571 3648**.
  Plaas bestellings teen 8 vm vir middagete (Maandae - Vrydae).



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# VERKOPE VAN ITEMS IS AS VOLG:

**06:00 - 18:00** - **Snoepery items**

**06:30 - 08:30** - **Ontbyt**

**06:30 - 17:30** - **Toebroodjies en Tramezzini**

**10:00 - 17:30** - **Hamburgers, slaptjips, pasteie**
(Bestel deur Whatsapp teen 08:00 vir 1ste pouse en teen 10:00 vir tweede pouse)

**12:00 - 15:00** - **Middagetes**
(Plaas bestelling teen 08:00 die oggend vir tweede pouse en na skool)

**14:00 - 17:30** - **Afhaal van tuisgemaakte etes**
(Slegs op bestelling 48 uur voor die tyd)

**14:00 - 17:30** - **Afhaal van partytjie "platters"**
(Slegs op bestelling 48 uur voor die tyd)







# FRAMESBY GEMEENSKAP
# EN OUDSKOLIERE:

Ons bedank die Framesby gemeenskap dat hulle so geduldig was tydens die bouproses van die studentesentrum. U samewerking en geduld word opreg waardeer.

Die Kafeteria is vanaf 14:30 - 18:00 vir die Framesby-ouers, Framesby-gemeenskap sowel as oud-skoliere oop. Vir enige navrae kontak **Duanne Human 071 571 3648**
**wspe.framesbyhs@empactgroup.co.za**








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Die **KOSBLIK**
Hoërskool Framesby



# Kontinentale ontbyt

| | |
|---|---|
| Verskeidenheid van droë pap en melk | R15 |
| Muesli en melk | R15 |
| Joghurt en vrugte | R18 |
| Muesli-en-joghurtkoppie | R18 |
| Vars vrugtekoppie | R15 |
| Heel vrugte kelk | R 5 |
| Roosterbrood x2 (wit of volgraan) met margarien, konfyt, heuning of Bovril | R10 |
| Ekstra Kaas | R 5 |



# Warm ontbyt

*Kaasomelet (2 eiers)* R15

Gevulde Omelet met 'n keuse van 2 vulsels (Kaas, ham, spek, tamatie, ) R20

**Plaasontbyt** R20
2 Gebraaide eiers, spek, gebraaide tamatie en 2 snye roosterbrood (wit of volgraan)

**Framesby grootbek ontbyt** R25
2 Gebraaide eiers, spek, boereworsie, gebraaide tamatie en 2 snye roosterbrood (wit of volgraan)

**Ontbyt rolletjie** R18
1 Gebraaide eier, spek, en mayonnaisesous



# Toebroodjies

Gewone of gerooster op Wit of Volgraan bruinbrood

| | |
|---|---|
| Kaas | R10 |
| Kaas en Tamatie | R12 |
| Hoender Mayonnaise | R15 |
| Spek,eier en kaas | R15 |
| Spek, Blaarslaai en Tamatie | R12 |
| Ham, Kaas en Tamatie | R15 |
| Ham en Kaas | R12 |



# Tramezzini

| | |
|---|---|
| Kaas en Tamatie | R20 |
| Hoender Mayonaise en Kaas | R25 |
| Spek, Eier en Kaas | R25 |
| Ham, Kaas en Tamatie | R25 |
| Ham en Kaas | R20 |



# Tortilla wrap

| | |
|---|---|
| Gekrummelde hoender, kaas, slaai en sous | R24 |

# Burgers

| | |
|---|---|
| Biefburger | R25 |
| Hoenderburger | R25 |
| Hoender-en-Kaas Burger | R30 |
| Ribburger | R30 |
| Aartappelskyfies klein | R16 |
| Aartappelskyfies groot | R20 |
| Samoosa | R10 |
| Pasteie | R18 |



# Slaai

Gesond en vars

| | |
|---|---|
| Hoenderslaai | R20 |
| Griekse slaai | R18 |
| Tuna - en-pastaslaai | R20 |

# Ekstra

| | |
|---|---|
| Tuisgebakte soetkoekies | R 5 |
| Jumbo Muffin | R15 |
| Sjokolade- of vanieljekoek per stuk | R12 |
| Sjokolade kolwyntjies | R10 |
| Vanielje kolwyntjies | R10 |
| Brownie | R10 |



# Skyfies en lekkers


| | |
|---|---|
| Skyfies | R 7 |
| Springmielies (Low GI) | R11 |
| Fritos | R12 |
| Grondboontjies en rosyne | R6 |



| | |
|---|---|
| Sjokolades:<br>5 Star Sjokolade, Aero, Bar One,<br>Crunchie, Kit Kat 4 vingers, PS,<br>Lunch Bar, Snackers, Tex | R11 |

Lekkers:

| | |
|---|---|
| Jelly babies, Jelly Jubes, Jelly Teddies | R11 |
| Stokkielekkers | R 2 |
| Loslekkers | R0.50 |
| Mini beskuitjies | R7 |
| Peanut Brittle | R6 |



# Koeldranke

| | |
|---|---|
| Gaskoeldrank (440ml) | R11 |
| Powerade | R11 |
| Vitamin Water | R15 |
| Water 750ml | R10 |
| Water 500ml | R8 |
| Super M | R12 |
| Yogi Sip | R12 |
| Cappy vrugtesap | R11 |
| Appletiser/Grapetiser | R12 |
| Steri Stumpie | R12 |





# Warm drankies

| | |
|---|---|
| Koffie | R12 |
| Espresso | R12 |
| Cappuchino | R12 |
| Café Mocha | R13 |
| Hot Chocolate | R12 |
| Tee | R10 |



# Middagetes
TEEN R25



Beskikbaar tweede pouse en na skool slegs op bestelling

**Maandag**
Oondgeroosterde Hoenderfillet, Aartappelwiggies
en Griekse slaai

**Dinsdag**
Macaroni-en-Kaas met slaai




**Woensdag**
Gekrummelde Salsa Hoendervlerkies
Pastaslaai en Groenslaai

**Donderdag**
Twee boereworsrolle met tamatie -en -uiesmoor

**Vrydag**
Hoenderburger met skyfies

**Maandag**
Geroosterde Hoenderdye, aartappelgebak met slaai



**Dinsdag**
Ham-en-Kaas Pizza

**Woensdag**
Hong Kong Hoendervlerkies, Aartappelslaai
en Griekse slaai

**Donderdag**
Jumbo Steakrol met skyfies

**Vrydag**
Hoender Schnitzel, pastaslaai, wortel-en-pynappelslaai

# Familiefees

Tuisgemaakte maaltye
Familiefees sluit in:

Bieflasagne
Suurlemoen en Basilliekruit Pesto Hoendergebak
Broccoli & Hoendergebak
Butter Chicken
Romerige Biefstroganoff
Macaroni & Kaas met Biltong, Grasuie en Botterskorsie

2 Porsies (700g) - R70

E-posbestelling: wspe.framesbyhs@empactgroup.co.za
of WhatsApp Duanne - 071 5713648





# Terug na skool

Snoeperye

Inhoud:
6 x Water 300ml
6 x Rhodes vrugtesap 200ml
6 x joghurt 100ml
6 x Gedrooge vrugtestokkies 25g
6 x Mini Cheddars koekies 33g

R179per bondel (30 items)



# Partytjie "Platters"

genoeg vir 10 gaste



**Opsie 1: R375/ platter**
Crumbed chicken strips
Cocktail beef pies
Creamy chicken rissoles
Greek kofta with tzatziki
Spinach and feta phyllo parcel
Mini chicken mayo filled rolls



**Opsie 2: R390/ platter**
Asian vegetable spring roll
Spicy beef samosa
BBQ beef frikkadel topped with a chive yoghurt
Butter chicken kebab
Crumbed mozzarella stick
Cheesy chicken nuggets



**Opsie 3: R410/ platter**
Jalapeno and cheddar halfmoons
Mini sausage rolls
Chicken phyllo parcels
Chicken bites with mustard mayo
Mini beef burgers with crunchy greens
Cocktail chicken and salad wraps

**Verjaarsdae**
12 kolwyntjies R120

Plaas bestellings asseblief
48 uur voor die funksie
Optel tussen 2nm en 5.30nm

E-pos: wspe.framesbyhs@empactgroup.co.za

## ONS GESELS MET:
## CHRISTOFF LÖTTER




# Christoff Lötter

Ek matrikuleer in 1991.
Dis vandag vir my ‘n voorreg om ‘n terugblik te gee van my tyd as ‘n leerling van Hoërskool Framesby. Daar is eintlik soveel stories en herinneringe maar ek gaan kort en bondig probeer wees. Framesby is voorwaar ‘n skool waarop ons opreg trots kan wees!

Framesby is Afrikaans en ons moet besonder trots wees daarop…dit maak ons uniek, veerkragtig en dinamies! Ons het soveel ervaringe beleef en lesse geleer a.g.v. die wye verskeidenheid blootstelling wat Framesby ons gebied het en ons is so dankbaar daarvoor!

As ek terugdink, is daar ‘n hele paar onderwerpe en stories waaroor ek kan uitwei en waarvan die meeste baie genotvol was. Ek dink terug aan ons goeie onderwysers en skoolhoof, mnr. Kritzinger. Hulle het ‘n wonderlike gees van uitnemendheid en trots by ons aangewakker. Ek dink vandag aan onderwysers wat nie meer met ons is nie en my ‘n beter mens gemaak het:Juf. Magda Botha, Vida van Wyk en juf. Olivier !!!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek dink terug aan pouses en LO, my gunsteling twee vakke. Tydens LO het mnr. Basie Greeff die seuns 'n paar mooi lewenslesse geleer-veral tydens sy KLEEDKAMER-MOTIVERINGSESSIES- o.a. oor DIENSBAARHEID ("suurstofdiefstorie") en DISSIPLINE. Dit was sy gunsteling onderwerpe.

Ek dink terug aan PE-skole atletiekbyeenkomste waarvan die hele skool deel was, hetsy as deelnemer, ondersteuner of as dirigent. Omdat ons al die bekers ingepalm het, was die SANGBEKER ons nie altyd beskore nie, maar ons was ook hier die nie-amptelike wenners. Mnr. Kritzinger was baie lief vir atletiek (Voorsitter van die SA HS-Atletiekvereniging) en hier het hy dit reggekry om met hierdie sport 'n wonderlike GEES in die skool te bou !! Juf. Magda Botha, mnr. Dam le Roux en juf. Lambrecht het ons afgerig en baie moeite gedoen , ook met ons as gewone atlete. Ek onthou nog die SASOL-tabel wat opgeplak was daar op die boonste verdieping se trap en ek het daar besef my punte gaan nie genoeg wees om die span te haal nie!!

Ek dink terug aan die gawe juf. vd Westhuizen wat ons as derde tennisspan na wedstryde vergesel het, nou wel twee ongelukke later. Een keer in die paal vas, nog daar by Alexander Road en die ander keer by Walmer in die donkiekarretjie vas!!! Ons moes haar troos en belowe dat sy nie in die moeilikheid sal kom nie. Daar sal definitief versekering wees.

Ek dink terug aan ons CSV-kampe op Jeffreysbaai. Hier is ook wonderlike vriendskappe gesmee en lesse geleer van dit wat werklik saakmaak. As ek reg onthou, het juf. Olivier, mnre. Thys van Zyl en O'Reilly hier voorgevat!! Die meisies het ook hier eweskielik net nog mooier begin word!!

Ek dink terug aan my afrigters op skool wat ook ons rolmodelle was: mnre. Wynand Rauch, Herman Koornhof, Daantjie van Schalkwyk, Basie Greeff. Hierdie manne het ons nie net afgerig nie, maar hulle het ons dissipline geleer, lief gemaak vir rugby , gemotiveer en laat droom van iets groter as jyself….

Ek dink terug aan my tyd waar Framesby besondere talent gekweek en wat my gemotiveer en geinspireer het. Dis van bitter slim manne en meisies soos Jaco Hugo, Jaco Langner, Nico Terblanche, Helena Schmidt, Rialette Scheltema en atlete soos






SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Andries Fourie, Heidi Seyerling en Sunelle Coetzer, rugbymanne soos Arno Dames, Basil de Koning, Andries Fourie, Johan Mulder (Pinocchio), Joggie en Albert Viljoen, Riaan(Vakie) van Jaarsveld. Die Framesbykoor (ek was daar vir ‘n oudisie omdat ek gehoor het hul gaan oorsee, maar na die tweede reëltjie het juf. Lamprecht gesê ek moet nog so ’n bietjie gaan oefen). Thys en Carin van Zyl, Lulu Lourens, Conrad Hurter by die tennis, Margot en Elanne Rautenbach by die netbal , Basil, Slabbie, Riaan Deyzel, Johan Smal was die ouens by die krieket wat uitgestaan het! Deleon van Rooyen, SA-fietsrykampioen en Igor Coetzer, mnr. Swem en Lewensredding. Hierdie is maar net ‘n paar van ons sterre !! Amper vergeet ek van die gholfers: Charl Barnard, Eier, Braam Weyers en Hennie - bygesê net hulle het daardie tyd al gholfstokke gehad !!!

Ek dink terug aan hoe honger ek altyd was. My kosblik was al in die registerklas leeggeëet en dan kry ’n mens amper ‘n hartaanval as jy Marelize Marx se kospakkie eerste pouse gesien het. Haar ma, tannie Liesbet, het haar altyd bederf met die heerlikste kospakkies!!!

Ek dink terug aan Kadette en die bivakke waar ons baie geleer het . Ons het ook ‘n paar keer lekker natgereëen en as ek reg onthou is Tobie-Chris Lochner se tentjie daardie een dag deur ‘n mortier (darem ‘n onskadelike) vernietig. Mnr. Langner was hier die baas. Die skyfskiet se tellings wat in saalperiode uitgelees is: Francois du Plessis en maj. Langner se dogter tops…uit 400- 400, 399, 398..394. Mnr. Anton Kruger was in beheer vsn die DRILPELETON met “Samajoor” Sadie wat ons in die beoordelaars se tafel ingedril het. Daardie dag was en bly spesiaal!! O ja, saalperiode was vir my ook aangenaam. Dit was so plus minus ‘n uur lank, partykeer 90min plus as daar bv. ‘n balletgeselskap of ‘n motiveringsspreker die skool besoek het. Hier was die tyd waar 1200 leerlinge en heelwat onderwysers as eenheid saamgesnoer is !!! Ek hoop dit is steeds die geval...alhoewel Covid dit nou seker omgeskakel het in ‘n Zoom-vergadering!!

Ek onthou vir mnr. Klingenhoeffer (beter bekend as mnr. Kling) wat die kadetklere moes uitdeel. Jy moes maar vat wat jy kry en dit groter/kleiner maak. Theo Koekemoer kon “Kling” op so manier uitspreek dat jy net wou lag!! Aardrykskunde was





Die klere wat ek aangehad het daar by Sunelle Coetzer se foto is definitief my pa s’n.....dit was toe al nie baie "cool" nie....ek hoor dis nou "in"

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

ook lekker by mnr. Rooibaard van Zyl !

Tot en met Standerd 8 het dit akademies heeltemal voor die wind gegaan met my; toe kom daar ‘n paar struikelblokke oor my pad 1-Dagdroom (seker vandag se “aandagafleibaarheid”), 2- mooi meisies in die klas wat aandag aftrek en 3 - natuurlik die groot droom om in mnr. Greeff se span te speel en die BLOKTRUI te dra.  Hierdie drie het ‘n redelike impak op my akademiese aspirasies gehad, met die gevolg dat sport toe voorkeurbehandeling begin kry het….

Ek onthou die een dag wat David du Toit in die houtwerkklas tydens die praktiese eksamen sy houtvoegie so in die hoek ingegooi het en die drie los houtjies maar sommer so daar neergesit het ….ook maar gehoop het hy kry ‘n punt of twee !! Francois Vlok wat my moes rustig hou voor ‘n groot wedstryd, dis in elkgeval wat hy sê,  én ons verblyf in George by ‘n skoonheidskoningin (ons het baie onrustig geslaap daardie aand). Die eerstespan wat in die Groenbossies-Hotel oorbly voor Rabiedag – ek nie ‘n oog toegemaak nie soos die skreeuende motorbande buite die hotel amok gemaak het – Hendre Kleynhans met sy kwinkslae en joghurt-kontakte, die slimme Anchen Myburgh wat wil weet of die vleis al gebraai is, die mooie Ilke Hansen, André van Loggerenberg, Lokke, ons haker sedert Sub. A, Reyners Barnard…hy laat Rassie Erasmus na ‘n Vlak 1-afrigter lyk, Marelize Marx en Elza Conradie wat my sulke opsommende Wiskunde-klasse moes gee om my beter te laat voel oor die eksamen wat voorlê! Etienne Britz was so slim , hy kon nie eers op die bord sien nie , maar kon steeds die antwoorde gee.  Standerd 6-8 het ek vir Steven Zwaan met huiswerk gehelp, maar in standerd 9 en 10 was dit andersom!!

Ek onthou ons spanbraai Vrydagaande voor ‘n Saterdag-wedstryd, gewoonlik by David of Benna se huis. My vleis was gewoonlik nog so half gevries, maar ons was maar altyd honger en dit het ook nie te veel gepla nie! Adriaan Gouws en Eben Hugo kon ook goed eet….

Na skool is ek vir diensplig Oudtshoorn toe (want ek het nie geweet wat om te studeer nie…nie dat ek daarna geweet het nie…!!). As soldaatjie was ek lekker fiks, maar nie so dapper soos van my verwag is nie. Dit was darem ook ‘n lekker plek om te kon rugby speel en goeie mense te kon ontmoet….

Ek het op Stellenbosch B.Sc. met Menslike Bewegingskunde en ook later Eiendomswese deur Unisa studeer. Na Stellenbosch het ek provinsiale rugby gespeel. Nie omdat ek so goed was nie, maar omdat ek so aanhoudend was. Ek het ook betrokke geraak by skole- en universiteitsrugby en sal seker maar eendag iewers  ingespit word op ‘n middelkolletjie! Maar ek wil graag nog een ding doen en dis om ’n bietjie te boer. Daar is ‘n moontlikheid om die draai wat ek sal aangryp sodra die tyd reg is.

Ek is getroud met Daleen (boeremeisie van die Oos-Transvaal, sy is baie lief vir draf en oefen en is darem nie te kwaai met my nie) en ons het twee seuns, Jannes(10) en Stefaan(8). Ons bly in die Paarl. Die seuns hou, soos ons, baie van die buitelewe. Hulle speel rof en dra byna nooit skoene nie…hulle hou van atletiek, tennis, rugby, stoei, krieket, kettieskiet, windbuksskiet, mesversamelings, maak hul eie “spiese”, boomklim, albasters en tolgooi ens. M.a.w. die dorp raak effe klein vir ons en die bure is soms ook

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

maar gespanne en senuweeagtig .....dus is dit dalk tyd om plaas toe te trek! Daar is beslis nog baie stories en name nie genoem .... Elize Marais en haar pa, oom Abe, saam met wie ek soggens skool toe gery het en natuurlik ook later saam met ons bure, juf. Annie Lamprecht en Ruan en Tanya, Niel Kritzinger wat ‘n Bok moes geword het. Arno Mulder wat alle sporte kon doen en o.14/o.15 waarskynlik 100 drieë gedruk het. Niel Emslie wat gou die Goue Medalje op SA’s verower het en Etienne Britz silwer onder die wakende oog van mnr. O’Reilly. So kan ek aangaan en aangaan !! Hannes van Vuuren, jou YSTER...hoor jy hou die nuwe hoof op sy tone.... Hannes se pa het ons by Laerskool Lorraine destyds al leer skop, o.a. die piesangskop/”banana kick”!!!

Lyk my nie ons gaan ‘n REÜNIE kan hou die jaar nie....dalk maar volgende jaar. Ben het gesê ons moet geld insamel vir die skool en as hy praat, luister ons. Ons begin by Anchen Myburgh-Lombard. Etienne Britz, ek het ‘n voëltjie hoor fluit ons kan gerus vir Teresa Botes ook kontak. Etienne Britz het gese hy sal dit wat ek gee verdubbel. Hy gee R2 m !!!

Dit sal altyd ‘n voorreg wees om deel van FRAMESBY te wees !!!

Handhaaf en Bou, ons sal getrou, trots op ons nasie wees en met ‘n suiwer gees, gee wat ons land van ons vra. Ons staan in diens van Suid-Afrika !!!!

NS: Skuus, ek het vergeet van die SOKKIESDit was lekker om daar te wees en waar te neem. Ek kon glad nie dans nie, maar was nietemin deel van die aksie en het myself onderskei as ‘n top talentidentifiseerder!! Ek het daardie tyd gedink Queen is ‘n vrou. Toe hoor ek dis meer as een mens. Ek het maar net geluister as almal oor musiek en musiekgroepe gepraat het en instemmend geknik. Ek het net van Rina Hugo en Gé Korsten geweet en my suster het iets gepraat van Boney M. !!










SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:



**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# VAN TOEKA TOT NOU





Lady J's
BRIDAL STUDIO




Lady J's Bridal Studio, Shop 23 Sunridge Village Shopping Centre,
48 Kragga Kamma Road, Sunridge, PE
083 258 7914 or 041 360 3255